

**5 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 23:1-22 (NAV)**

### **Nederigheid**

Dit is aangenaam as mense na jou opsien en jy erkenning kry vir wat jy doen. Maar dit bly 'n ontsettende gevaar as jy toelaat dat dit na jou kop toe gaan! Dit was juis die slaggat waarin baie van die Joodse leiers getrap het. As jou diens aan God en aan jou medemens uit selfsugtige motiewe gedoen word, is die skrif aan die muur: "Ellende wag vir jou...!" Baie seerkry en ellende lê vir jou voor.

Selfsug en eergierigheid laat alles in 'n mens se lewe skeeftrek. Die Bybel waarsku op talle plekke teen die gevaar. Eergierigheid maak jou goeie dae nutteloos en sonder die seën wat gewoonlik op goeie dae rus (Matt 25:34).

Dit is logies: Kyk na die mooi dinge wat jy doen. Jy doen dit met die gawes wat jy van God ontvang het (1 Kor 12:7). Die geleentehede wat jy ontvang om dit te doen, word deur God beskik (Ef 5:16). Die kragte wat jy het om iets te doen, kom van die Here (2 Kor 4:7). Ons kan niks doen wat die moeite werd is sonder Jesus Christus nie (Joh 15:5). Wat jy doen, kan alleen goed wees as jy dit tot eer van God doen (1 Kor 10:31). Die trots wat jy in jou werk het, mag nooit tot eergierigheid, selfsug en verwaandheid lei nie (Gal 6:4). Hierin het Jesus self vir ons 'n groot voorbeeld gestel. Laat ons dit navolg (Joh 12:26).

*Sing: Skrifberyming 15:1-3*

*Ds APC Duvenage (Emeritus)*